Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 25 APRIL 2019 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Fortuin, C B (DA)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Snr Bestuurder: Bou-omgewing, mnr A M Zaayman
Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker rig 'n woord van verwelkoming aan die Uitvoerende Burgemeester, Uitvoerende Onderburgemeester, raadslede en amptenare en spesiaal aan lede van die media en die publiek.

Raadsheer R F van der Westhuizen open die vergadering met skriflesing en versoek rdl C B Fortuin om die Raad te lei in die gesamentlike bid van die Onse Vader.

Rdl D B Philander versoek die Speaker om 'n oomblik van stilte toe te laat in medelye met die lewensverliese tydens die bomontploffings in Sri-Lanka en oorstromings in KwaZulu-Natal en met die afsterwe van die skoonmoeder van mnr A M Zaayman.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslid C H Papers wat op 3 April verjaar.

Die Speaker noem dat die Direkteur: Finansiële Dienste 'n operasie sal ondergaan en wens hom (in sy afwesigheid) sterkte toe.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdld Z Bekebu en L E Mfutwana.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

3.1/...

3.1 BEKENDSTELLING VAN

(1) Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Die Munisipale Bestuurder stel me Jo-Ann Krieger aan die Raad voor wat met ingang van 1 Mei 2019 as Direkteur: Ontwikkelingsdienste aangestel is.

(2) Amptenaar vanaf die Nasionale Departement van Omgewingsake: me O Sandlana

Die Munisipale Bestuurder stel me Onke Sandlana aan die Raad voor wat deur die Nasionale Departement van Omgewingsake in die Swartland munisipale gebied geplaas is. Die Munisipale Bestuurder hou die verantwoordelikhede van me Sandlana aan die Raad voor naamlik:

- Koördinering van wyksgebaseerde omgewingsopvoeding en bewusmakings- en opruimingsveldtogte;
- Koördinering van die Suid-Afrikaanse "Groen-skole program";
- Deelname aan die bestaande wykstrukture en distriksomgewingsforums;
- Ondersteuning aan die Munisipaliteit se omgewingsfunksies; en
- Verslagdoening insake jeugwerk in die omgewingsektor.

Me Sandlana gaan nou saamwerk met wyksraadslede en ook wykskomitee-vergaderings bywoon, en versoek die Munisipale Bestuurder dat me Sandlana geleentheid gegee word om haar pligte in die Swartland munisipale gebied uit te voer.

Rdl D B Philander, namens die ANC, verwelkom mee Krieger en Sandlana en maak spesiaal melding van die geskiedkundige gebeurtenis met verwysing na die aanstelling van me Krieger as eerste vrou van kleur op die bestuurspan.
Rdl D B Philander wens mee Krieger en Sandlana alle voorspoed toe met hul werksaamhede in Swartland Munisipaliteit.

Rdl O M Stemele, namens die DA, verwelkom mee Krieger en Sandlana en bedank die Raad en die administrasie vir die prosesse wat gevolg is met die aanstelling van die nuwe Direkteur: Ontwikkelingsdienste.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 28 MAART 2019

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 28 Maart 2019 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 20 MAART 2019

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoedgheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU 5 MAART 2019

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 GOEDKEURING VAN DIE 2018/2019 SPESIALE AANSUIWERINGSKAPITAAL- EN – BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2018/2019)

Die Munisipale Bestuurder gee toeligting aangaande die twee aspekte wat die 4de aansuiweringsbegroting vir die 2018/2019 finansiële jaar noodsaak, naamlik:

(1) addisionele MIG (*Municipal Infrastructure Grant*)-fondse ten bedrae van R4 miljoen wat in Maart 2019 vanaf COGTA ontvang is, en

(2) herallokasie van fondse tussen die kapitaal- en bedryfsbegroting m.b.t. fondse ten bedrae van R5 miljoen wat ontvang is vanaf die Departement van Gemeenskapsveiligheid vir die vestiging van 'n honde-eenheid ten einde te voldoen aan die bepalings ingevolge die MOU (*Memorandum of Understanding*).

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat met die evaluering van MIG-spandering deur COGTA vroeg in Desember 2018 die Munisipaliteit reeds op 70% spandering was, wat dit moontlik gemaak het om vir addisionele toekennings in aanmerking te kom.

Rdl D B Philander versoek opheldering vanaf die Uitvoerende Burgemeester ten opsigte van verskeie aspekte soos voorgehou uit die dokumente.

Die Speaker reël dat terugvoering gegee word deur die Munisipale Bestuurder, waarop lg. noem dat die 4de aansuiweringsbegroting slegs handel met die twee aspekte wat reeds toegelig is. Dit is dus die 4de geleentheid dat die begrotingskedules aan die Raad voorgelê word, en dat enige verdere opheldering by wyse van 'n skriftelike mosie moet geskied, maar indien die Speaker dit toelaat, sal amptenare op die navrae reageer.

Die Speaker reël dat daar nie repliek gelewer sal word op die vrae deur rdl D B Philander nie, aangesien die korrekte prosedure sal wees om die navrae by wyse van 'n skriftelike mosie in te dien, maar word die Speaker onderskeie kere onderbreek deur rdl D B Philander en rdl B J Penxa.

Rdl B J Penxa, by wyse van 'n punt van orde, versoek die Speaker om die woorde "I do note care" terug te trek, waarop die Speaker die woorde terugtrek.

Rdl D B Philander, op 'n punt van orde, noem dat die raadsvergadering 'n politieke platform is en dat die Uitvoerende Burgemeester op navrae moet reageer en dat die Speaker nie die Munisipale Bestuurder (soos telkens vantevore) moet betrek nie.

Rdl B J Penxa, op 'n punt van orde, beskuldig die Speaker van pligsversuim deurdat hy die raadsvergadering op 'n baasspelerige wyse lei, en nie soos dit die Voorsitter van die Raad betaam nie.

Verskeie ontwrigtende pogings word deur rdl B J Penxa en rdl N S Zatu aangewend om 'n punt van orde te opper, maar word dit nie deur die Speaker toegestaan nie, behalwe die versoek van rdl B J Penxa om die toespraak van die voorsteller en sekondant te laat tolk.

Die aanbeveling voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring en (in die afwesigheid van twee raadslede) beslis met 16 stemme ten gunste, en vyf raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat die Begrotingsbeheerkomitee dringend vergader het om verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg soos nodig gegewe die aansuiwerings;

(b) Dat dit in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2018/2019 finansiële jaar nie maar sal lei tot 'n vermeerdering in die begrote surplus ingesluit kapitale toekennings van R68 121 352 na R71 196 352 en die begrote surplus uitgesluit kapitale toekennings onveranderd bly as R16 149 238;

(c)/...

7.1/...

(c) Dat dit in ag geneem word dat die 2018/2019 spesiale aansuiweringsbegroting nie 'n impak hê op die 2019/2020 en 2020/2021 buite finansiële jare se kapitaal, bedryfs- en balansstaat begroting;

(d) Dat die aangepaste begrotingskedule soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word, soos in **Aanhangsel B** uiteengesit;

(e) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die statutêre vereistes van die MFMA en dienooreenkomstig Nasionale en Provinsiale Tesourie inlig;

(f) Dat die Dienslewering– en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word;

(g) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2018/2019 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting 2018/2019	Oorrol Aansuiwerings begroting 2018/2019	Spesiale Aansuiwerings begroting 2018/2019	Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2018/2019	Vierde Aansuiwerings begroting 2018/2019	Increase / (- Decrease)
Kapitaalbegroting	R 87 245 909	R 94 009 363	R 102 890 363	R 98 785 331	R 101 860 331	R 3 075 000
Bedryfsuitgawes	R 698 278 426	R 699 811 714	R 676 259 498	R 693 672 465	R 694 597 465	R 925 000
Bedrysinkomste	R 746 205 036	R 751 554 438	R 736 846 222	R 761 793 817	R 765 793 817	R 4 000 000
Begrote (Surplus)/ Tekort	(R 47 926 610)	(R 51 742 724)	(R 60 586 724)	(R 68 121 352)	(R 71 196 352)	(R 3 075 000)
Minus: Kapitaal Toekennings	R 36 975 000	R 40 791 114	R 49 672 114	R 51 972 114	R 55 047 114	R 3 075 000
(Surplus)/ Tekort	(R 10 951 610)	(R 10 951 610)	(R 10 914 610)	(R 16 149 238)	(R 16 149 238)	R -

7.2 DIENSLEWERINGSOOREENKOMS MET WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT (WKDM) T.O.V. BRANDWEERDIENSTEMODEL EN GEPAARDGAANDE VERHOGING VAN BRANDWEERTARIEWE DEUR WKDM M.I.V. 1 JULIE 2019 (17/5/1/2; 5/4/1/1)

Die Direkteur: Beskermingsdienste behandel die verslag op versoek van die Speaker. Die Direkteur: Beskermingsdienste verwys na die skrywe aangeheg tot die verslag en noem dat dit aan die lig gekom het dat die Weskus Distriksmunisipaliteit van voorneme is om verhoogde brandweertariewe met ingang van 1 Julie 2019 in te stel vir die lewering van brandweerdienste in die Swartland munisipale gebied.

Swartland Munisipaliteit sal dus op sy beurt ook brandweertariewe moet instel om 'n volhoubare brandbestrydingsdiens te verseker.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat die instel van die brandweertariewe in effek beteken dat die diensleweringsooreekoms met die Weskus Distriksmunisipaliteit op 30 Junie 2019 beëindig moet word.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die verantwoordelikhede van die B- en C-munisipaliteite t.o.v. van struktuur- en veldbrande. Rdl D B Philander bevraagteken die verhoudinge tussen die betrokke munisipaliteite, en bevestig die Munisipale Bestuurder dat daar tans 'n goeie samewerkingsooreenkoms is. Die kommer bestaan egter dat die brandweerdiens nie effektief in die buite-dorpe gelewer kan word nie. Bestaande hulpbronne word nie doeltreffend aangewend nie en word die diens gedupliseer, bv. bystandspanne van beide Swartland Munisipaliteit en die Weskus Distriksmunisipaliteit wat tegelykertyd aan diens is.

Die Munisipale Bestuurder/...

7.2/...

Die Munisipale Bestuurder noem dat dit in belang van die gemeenskappe is dat die diens slegs deur een owerheid gelewer word. Die voorstel is dus aan die Minister deurgegee dat die diens met ingang van 1 Julie 2019 deur die Weskus Distriksmunisipaliteit oorgeneem word, d.w.s personeel, bates, laste, ens..

Die aangeleentheid word by wyse van 'n stemming (in die afwesigheid van twee raadslede) beslis met 16 raadslede ten gunste en vyf raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van P E Solomons, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat daar met kommer kennis geneem word van die voorneme van die Weskus Distriksmunisipaliteit om die bestaande diensleweringsooreenkoms vir brandweerdienste te beëindig op 30 Junie 2019;

(b) Dat die Weskus Distriksmunisipaliteit versoek word om die bestaande diensleweringsooreenkoms wat reeds sedert 2009 van toepassing is te verleng todat die brandweerfunksie in totaliteit na die Weskus Distriksmunisipaliteit oorgedra word, na verwagting m.i.v. 1 Julie 2020;

(c) Dat die Raad ook kennis neem van die voorneme van die Weskus Distriksmunisipaliteit om verhoogde brandweertariewe, soos geadverteer in die pers, in werking te stel m.i.v. 1 Julie 2019;

(d) Dat die Munisipale Bestuurder (of sy gevolmagtigde) formeel beswaar aanteken by die Weskus Distriksmunisipaliteit teen die buitensporige styging van die brandweertariewe, insluitend die voorgenome toepassing daarvan vanaf 1 Julie 2019;

(e) Dat die konsep brandbestrydingstariewe van Swartland Munisipaliteit, aangeheg as Aanhangsel C, aanbeveel word vir doeleindes om openbare insette en kommentaar te versoek. Dat die konsep brandbestrydingstariewe op die Munisipaliteit se webblad en by munisipale kantore geadverteer word vir 'n tydperk tot 17 Mei 2019 om 12:00 om toe te laat om in die finale begroting op 30 Mei 2019 in ag geneem te word;

(f) Dat die Minister gemoeid met die bevoegdheid om te besluit oor die lewering van die diens – ongeag wie die Minister mag wees na 8 Mei 2019 se verkiesing – so spoedig moontlik die besluit moet neem soos reeds deur die Weskus Distriksmunisipaliteit aan die Minister gekommunikeer na afloop van die Distrikskoördineringsforum (DCF) in Februarie 2019.

7.3 VERLENGING VAN DIE BESTAANDE DIENSLEWERINGSOOREENKOMS MET DIE DISTRIKSMUNISIPALITEIT VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2019 TOT 30 JUNIE 2020 (2/1/1/2/1, 16/1/1/B)

Die Weskus Distriksmunisipaliteit is ingevolge 'n Artikel 78-ondersoek aangewys as die Waterdienste Verskaffer om water te verskaf aan die betrokke B-munisipaliteite.

Die behoefte het ontstaan om die Artikel 78-ondersoek te herhaal om te bepaal of die diens nie meer volhoubaar voorsien kan word deur middel van 'n alternatiewe meganisme nie. Die ondersoek is bykans gefinaliseer en word versoek om die diensleweringsooreenkoms met een (1) jaar te verleng om geleentheid te gee om die administratiewe aksies voortspruitend uit die ondersoek af te handel.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die wysigings aan die addendum en word die aanbeveling voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring en (in die afwesigheid van twee raadslede) beslis met 16 stemme ten gunste, en vyf raadslede wat buite stemming bly.

Besluit/...

7.3/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die bestaande diensleweringsooreenkoms met die Weskus Distriksmunisipaliteit, Bergriver en Saldanha, vir 'n verdere termyn van een jaar verleng word, met ingang vanaf 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020, met inbegrip van die wysigings van paragrawe 8.6.2 tot 8.6.4 en paragraaf 5.3;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die derde addendum tot gemelde diensleweringsooreenkoms te mag onderteken.

7.4 AANBEVELING INSAKE DIE WYSIGING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENT SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (2/3)

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die munisipale bestuurder verantwoordelik is vir die ontwikkeling van 'n organisatoriese struktuur vir goedkeuring deur die munisipale raad.

Die wysigings aan die organisatoriese struktuur word volledig toegelig in die verslag tot die sakelys.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Raad die wysigings aan die organisatoriese struktuur ten opsigte van die Departement: Siviele Ingenieursdienste goedkeur vir implementering met ingang van 1 Mei 2019.

7.5 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): JANUARIE TOT MAART 2019 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die Speaker gee geleentheid vir rdl C B Fortuin, as voorsitter van die Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC), om die item voor te lê.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl C Daniels)

(a) Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die topvlak dienslewering- en begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Januarie 2019 tot 31 Maart 2019;

(b) Dat, gegewe die kwartaalverslag finansiële en nie-finansiële inligting bevat t.o.v. die maandverslag van Maart 2019 wat tydens die portefeuljekomitees-vergadering op 16 Mei 2019 voorgelê sou word, die portefeuljekomitees-vergadering afgelas word.

GETEKEN:
SPEAKER